



Nuusbrief / Newsletter

This newsletter serve as a communication tool between and among breeders of Senepol and to inform people interested in the Senepol Breed. Any contribution to the contents of the newsletter is welcome and will be appreciated. U kan ook bydraes lewer deur gebeure en inligting rakende die Senepol ras in Suid Afrika aan die sekretaris te stuur.

General Senepol News

- The Senepol Club of South Africa was represented at the annual general meeting of the American Senepol Association on St Croix in August 2009 by breeder Peter Knipe. According to Peter our presentation was warmly received and the members were very interested in the progress made in respect of breeding of Senepol in Southern Africa.
- The hardy Veldmaster breed being developed by well known animal scientist Johann Zietsman, is using Senepol as part of their breeding program. In an article in the Farmers Weekly of 07 August 2009 Johann uses a photo of Senepol bull KL 04-027 as an example of how a typical Veldmaster bull should look like.
- Phase C testing of Senepol young bulls have recently produced a few unique growth bulls who grew at more than 2 kg per day while using a low 5 kg and less of feed a day. So called 2 x 5 bulls that a certain sector of the industry is looking for.
- The above two points illustrate that the Senepol breed is uniquely positioned to provide both veld adapted animals as well as animals that will do exceptionally well in the feedlot.
- Our general meeting in March 2010 will form part of a Senepol Auction and Farmers day at Circle C Ranches, with lectures and practical sessions. As part of a National sale several top class Senepols will be up for sale. More information to follow in the next newsletter, but it promises to be a day not to be missed.
- Our Senepol membership and family is continuing to grow at a healthy rate with a total of 25 breeders in August 2009



KL 04—027 used by Johann Zietsman as an example of a typical Veldmaster bull



Senepol heifers



Senepol
The right breed
for our time

August 2009

Special points of interest:

- *Vibriose*
- *Senepol dominate carcass competition down under*
- *Fase D toets*
- *Welcome to new breeder: Craig Richardson (Parys)*

Inside this issue:

<i>Vibriose</i>	2
<i>The Weatherman</i>	3
<i>Senepol dominate carcass competition down under</i>	3
<i>Fase D toets</i>	5
<i>Hoe om te brandmerk</i>	6
<i>General News</i>	6

Did you know?

Vibriose

Vibriose (campylobakteriose) is 'n geslagsiekte van beeste wat veroorsaak word deur die kiem *Campylobacter fetus*, subspesie *venerialis*, en word beskou as een van die vernaamste oorsake van 'n lae kalipersentasie by beeste in Suid-Afrika.

Campylobacter fetus subspesie *fetus* word geassosieer met sporadiese aborsies gedurende die middel en laaste stadia van dragtigheid, na besmette materiaal ingeneem is. Hierdie organisme kan ook aborsies in skape en mense veroorsaak.

Voorkoms van die siekte

Die voorkoms van *C. fetus* in skedewas monsters wat na Staatslaboratoriums gestuur is, was 0% tot 12% positief. Weens doeltreffende entstowwe teen vibriose het die voorkoms van die siekte drasties afgeneem.

Bulle, besmette verse en koeie dien as bronne van besmetting vir *C. fetus* subsp. *venerialis* besmetting.

Bulle

Bulle mag tydelik of permanent besmet wees. Jong bulle kan besmet raak of glad nie. Die wat besmet raak, verloor die besmetting binne 14 tot 29 dae. Bulle ouer as drie jaar wat die besmetting opdoen, bly gewoonlik permanent besmet alhoewel spontane genesing mag plaasvind.

Die rede waarom ouer bulle besmet bly, mag wees dat die voue van die slymvlies van die skede en penis baie dieper is as die van jong bulle en die kieme daar vermeerder.

Koeie en verse

Meeste koeie en verse maak hulleself skoon van die infeksie binne drie tot vyf maande nadat hulle besmet geraak het, maar tot 10% van hulle mag draers van die siekte bly vir lang periodes. Sommige mag selfs permanent besmet bly.

Oordraging

C. fetus subsp. *venerialis* word hoofsaaklik gedurende dekking oorgedra. Die kieme kan ook deur besmette semen oorgedra word deurdat hulle die vriesproses oorleef. Bulle kan ook besmet raak as hulle in kontak met besmette beddegoed kom of besmette apparaat tydens semenkolleksie.

C. fetus subsp. *fetus* kieme kom in die dermkanaal van skape en beeste voor en versprei

wanneer diere besmette materiaal inneem. Die kieme veroorsaak gastro-enteritis in mense. Indien koeie aborteer, is daar baie van die kieme in die omgewing.

Aborsies kom selde voor as gevolg van 'n besmetting met *C. fetus* subsp. *fetus*. Hierdie kiem kan ook soms in die vagina voorkom en die kliniese beeld is dan dieselfde as die beeld veroorsaak deur *C. fetus* subsp. *venerialis*.

Kliniese tekens

C. fetus subsp. *venerialis* veroorsaak afsterwe van die embryo en daarom sien ons verlengde estrussiklusse van 24 tot 40 dae, of selfs langer, in besmette verse en koeie.

Die infeksie in bulle is onopsigtelik. In besmette verse en koeie mag daar 'n effense etterige slymerige uitloopsel wees. Geïsoleerde aborsies mag ook voorkom.

Die eerste tekens wat 'n boer gewoonlik waarneem as die siekte in 'n kudde inkom, is: 'n abnormale hoë getal verse en koeie wat terugkom na die bul toe. Koeie wat mens dink dragtig is, kom weer op hitte. Die dragtigheidspersentasie val tot laer as 20% in die eerste jaar nadat infeksie in die kudde ingekom het.

Na ongeveer ses maande verbeter die vrugbaarheid in die kudde en as die dekseisoen verleng word, styg die dragtigheidspersentasie na 85% tot 95% met 2,5 tot 3,5 dekings per konsepsie. Meeste koeie en verse raak uiteindelik beset en kalf normaal. Die infeksie is erger in verse en in 'n studie is gevind dat tot 11% van verse permanent onvrugbaar geword het.

Bulle word oorwerk as gevolg van die baie vroulike diere wat op hitte kom. Aborsies kom in 5% tot 10% van diere, gewoonlik in die tweede helfte van dragtigheid voor. Daar word ook 'n val in melkproduksie gesien.

Diagnose

Diagnose word gebaseer op:

- 'n Goeie kudde geskiedenis.
- Kliniese tekens.
- Isolering en identifikasie van die kieme.
- Demonstrasie van spesies spesifieke teenliggame.
- Skedewasse van bulle word geneem deur 'n veearts en monsters moet binne drie dae die laboratorium bereik. Die beste tyd om

monsters te neem, is na of tydens die dekseisoen. Die sensitiwiteit van die toets is meer as 90% indien monsters korrek geneem word en die laboratorium betyds bereik.

- Monsters kan ook van die vaginale uitloopsels van koeie en verse geneem word.
- Monsters kan ook van nageboortes en aborsies geneem word.

Siektes waarmee vibriose verwar kan word

Trigomoniasis

Brusellose

Epivaginitis

Beheer

Kontak u veearts vir die behandeling van besmette bulle en vroulike diere.

KI is die mees effektiewe manier om die verspreiding van vibriose te verhoed. Belangrik is dat semen nie met die vibriose kieme besmet moet wees nie.

Entstowwe is beskikbaar om diere teen vibriose te beskerm en die aanwysings op die voubiljet moet deeglik bestudeer word.

Campylobacter (Vibrio) Fetus Entstof (G0055): Verse en bulle moet ingeënt word ses tot agt weke voor die aanvang van die dekseisoen. 'n Enkele skraagdosis word dan elke jaar voor die dekseisoen gegee. Die entstof het 'n genesende effek in bulle. Alhoewel besmetting van verse nie voorkom sal word nie, sal resorpsie van die embryo verhoed word en sodoende sal die kalwingspersentasie verhoog word. 'n Absolute immuniteit ontwikkel nie in alle diere nie.

Daar is ook ander entstowwe beskikbaar nl. Vibrin entstof (G1102) en Vibrio/Leptoform 5 (95/520 Wet 101/1965) Vir meer besonderhede kontak u veearts.

Die gebruik van "skoon" bulle in die kudde is van uiterste belang. Kontak u veearts sodat 'n program uitgewerk kan word om al u kuddebulle jaarliks te laat toets vir deksiektes.

Bron: Coetzer, J A W en Tustin, R C 2004 *Infectious Diseases of Livestock*. Oxford University Press ISBN 0 19 578202 X

Geskryf deur: Dr. Faffa Malan, Intervet/Schering-Plough Diergesondheid Gunnedah

The Weatherman

According to the long term prediction of the State of Queensland (Environmental Protection Agency) the sea surface temperatures in the Pacific Ocean is consistently near zero. As we all know, this phenomena has a direct impact on our South African weather patterns, as such included is a prediction map of Southern Africa as produced by the State of Queensland (Environmental Protection Agency).



Based on a Consistently near Zero Southern Oscillation Index phase at the end of July 2009 there is a 40 to 50% chance of getting median rainfall throughout most of South Africa for



Close up of the South African region.
Printed with permission.

Probability of exceeding Median Rainfall

for August / October
based on consistently near zero phase
during June / July



Rainfall prediction for the World. *Printed with permission.*

April to June. This means that for example Bloemfontein will have a 40 to 50% chance of getting 24 mm of rain in September. For more information please go to <http://www.longpaddock.qld.gov.au>

Voorspellings van die SA Weerdiens wys 'n bogemiddelde kans vir reën oor groot gedeeltes van die land vir September. Die langer termyn voorspellings dui ook op

bogemiddelde kans vir reën tot November maar heelwat swakker vir veral Desember en Januarie asook Maart 2010.

According to the Environmental Protection Agency the El Nino phenomena is firmly established

SENEPOL DOMINATE CARCASS COMPETITION

In a great endorsement for the Senepol breed, 5 Star Senepol entered a draft of Senepol and Senepol cross cattle into Australia's largest carcass competition. There were 372 head of cattle entered. The awards night saw a large percentage of the major and minor ribbons going to the Senepol entries from 5 Star. In the 100 day feedlot trial, a Senepol X Belmont entry won the weight gain section, with 2.94 kg per day gain, going in at 456 kg live weight and exiting at 750 kg, 100 days later. The steer dressed at 404 kg, had 2 teeth, 16 mm of fat on the rump and 10 mm on the rib - gaining maximum points for fat coverage. The steer went on to gain the most points for weight gain, dressing percentage and carcass quality, with 228 points - It's nearest rival was 12 points back with 216 points.

The Maynards also won with a pen of 3 grain fed heifers, with 3 Senepol / Charolais / Belmont entries. One of these heifers in the pen of 3 was awarded the second largest weight gain for the 70 day trial, with a 2.8 kg per day gain. One heifer was awarded maximum points for marbling - 5 out of 5.

In the Grain Assisted Bullock Class, the 5 Star entries came first and third, with a couple of Senepol / Belmont cross entries. The winner was a milk teeth entry, dressing 343 kg scoring maximum fat depth with 12 mm on the rump and 10 mm on the rib.



In the Grass-fed section, the Maynards were awarded Champion Grass-fed Carcass with trade heifer with a pure Senepol, milk teeth, dressing 275 kg, 9 mm on the rump and having a healthy eye muscle of 84 square cm. She was also awarded maximum points for meat colour and texture.

The Maynards also secured a second place in the Trade Steer or Heifer section and a second placing in the Single Grain-fed Heifer Class. With the above results, the 5 STAR OPERATION was awarded most successful exhibitor for the 2009 event.

Mr Dennis Clair the President of the Callide Dawson Carcass Committee stated that it was a definitive result for the Senepol breed to achieve such results on their first major outing in an Australian Competition. Mr Geoff Maynard said, he was pleased to see the cross section of cattle do well across all areas, Grass and Grain, Trade and Jap Ox, Heifers and Bullocks. *As published on the Australian Senepol website August 2009*

Embryos

Embryos is available from Stephan Botha at steef@mweb.co.za or 0828809215.

Breeders can also now identify animals that they want to have flushed and match the donor to a donor bull of their choice for import in 2009. The donors available are listed below.

More information on the donors is available on <http://www.senepolcattle.com> and <http://www.sacramentofarms.com>. The arrangements can be done via Stephan Botha.



Senepol embryo calf with Beefmaster dam

Donors	RGD	Sire	Sire/Dam	LINE
WC 8466	1115244	WC 864	WC 24V	WC_WCS
2P	1114694	WJ WIZARD	WC 850	WC_WCS
992J	1103790	CN2225	CN 473	CN
H 6710	1103042	CN 6132E	ASL 193S OMEGA 65Y	ASL_WC_CN
5E	1073413	HBC HOTSTUFF 25A	WCS 603	ASL_CN_WC_WCS
73F	1077845	WC 918B	HBC HOTSTUFF 25A	WC_WCS_AS
J6615	1109168	WC 850	FOUND	WC_WCS
74K	1108789	WJ WIZARD	HBC HOTSTUFF 3D	WC_WCS
J6613	1109160	WC 850	FOUND	WC_WCS
109G	1080411	WC 754A	HBC CHIEFTAIN 3A	WC_AS
SCR 3024	1114536	WC 754A	CN5480	CN_WC_WCS
SANP J10 - J6617	1109156	RAB NEXT GEN	CO 500	CN_WC
10J	1109664	DUKE HF 8728	ENGEL FACE CN 2431	CN
26N	1114528	WJ WIZARD	AC 761	CN_WC_AS
K 6167	1112919	CN 5480	AC 761	CN_WC_WCS
J 6003	1106816	WC 744A	WC 220E	WC_WCS
G6518	1103896	EL GENERAL AV 189	CNBA 2284V	CN
H6905	1109167	CN 4716	AC 761	CN_WC
LZ219	1112237	RBS 9704G	WCS 440	CN_WCS
LZ221	1112255	RBS 9704G	CN 4635	CN

Breeders can now identify animals that they want to have flushed and match the donor to a donor bull !

Semen beskikbaar

Daar is nog semen vir KI doeleindes beskikbaar. U kan hiervoor ook direk met Stephan Botha skakel by steef@mweb.co.za of 0828809215. Die volgende bulle is nog beskikbaar:



39J

Photo: Sacramento Farms

39 J	R80-00
6003 J	R120-00
SCR 3051	R120-00
RBS 9704	R120-00

FASE D: GROEITOETSE VAN JONG BULKALWERS OP DIE PLAAS

Die Fase D groeitoetse bly vir die meeste telers die maklike en populêre opsie om uit te oefen, om die rede dat hy volle beheer oor die grootmaak en bestuur van sy jong bulletjies het.

Die doel is om jong bulkalwers te evalueer vir groei, op die produksie sisteem van die onmiddellike omgewing waar die dier waarskynlik later moet produseer.

Die beginsel wat nogal onder telers gebruik word, is dat hulle die bulle op soortgelyke voedingstoestande evalueer as wat hulle nageslag moet in groot word of produseer, bv. wanneer 'n teler sy bulle verkoop aan kommersiële telers in hoë potensieë areas wat die nageslag moontlik



deur 'n voerkraal gaan, sal die stoetteler sy bulle intensief evalueer. Waar teler sy bulle aan ekstensiewe beesboerdery verkoop, wat ver van graan of voerkraal is, sal die stoetteler skuif na semi-ekstensiewe Fase D toets.

Daar is vier verskillende voedingskategorieë, nl. intensiewe-, semi-intensiewe-, semi-ekstensiewe- en ekstensiewe-evaluasie. Die teler kies vooraf op watter voedingstatus hy sy jong bulle wil evalueer. Voordat die teler 'n bultoeets wil begin, moet hy seker maak dat hy genoegsame voeding het vir die hele toetsperiode en hom vergewis met onderstaande inligting:

- D1 Enkel kudde groeitoets (een teler)
- D2 Gesentraliseerde veel-kudde groeitoets (meer as een teler)
- Getal bulle – 10 of meer (verkieslik alle bulkalwers met potensiaal)
- Aanpassingsperiode – tussen 21 en 90 dae
- Toetsperiode – tussen 84 en 270 dae
- Ouderdomsverskil – nie meer as 100 dae nie

- Minimum- en maksimum ouderdom by aanpassing – 152 en 365 dae
- Minimum gewigstoename in toetsperiode – 110 kg
- Gewigsverskil tussen swaarste- en ligste kalf – nie meer as 75 kg nie



- Betroubare weegskaal en goeie kraalfasiliteite moet beskikbaar gestel word
- Deelnemer moet 'n aktiewe lid van die nasionale vleisbeesverbeteringskema wees
- Groeitoetsresultate en teelwaardes wat ontvang word, is vir GDT, Kleiber verhouding, skouerhoogte, liggaamslengte en skrotum-omvang
- Alle toetse word geadminestrer en gecontroleer deur beamptes van die LNR
- Bulle moet gereeld elke twee weke geweeg word en volledige rekordhouding van die hele toets moet op datum gehou word, bv. gewigte, siektes en bestuurprobleme

Deur Siebert Vermeulen—Landbou Navorsingsraad

Brandmerk van Geregistreerde Diere

Dit is algemene kennis dat ingevolge die Wet op die Identifikasie van Diere (Wet No. 6 van 2002) dit verpligtend is om alle beeste te merk. Wat nuwe toetreders tot die stoetbedryf moontlik nie van bewus is nie is dat die geregistreerde kuddekenmerk by SA Stamboek 'n aanvaarde metode van identifikasie is. (bv. RO 03-001) Met ander woorde die voorgeskrewe tatoeëring van Senepol stoetdiere is voldoende identifikasie van geregistreerde diere. Geregistreerde diere hoef dus nie gebrandmerk te wees nie. SA Stamboek versoek wel dat stoetboere tog diere met die kuddekenmerk brand

aangesien daar baie meer probleme met die identifikasie van diere via tatoeëmerke op vragmotors deur polisiebeamptes bestaan as met 'n gewone brandmerk. Let ook daarop dat dit foutief is om geregistreerde diere met 'n kommersiële brandmerk te merk.

Hieronder volg enkele uittreksels uit Wet No. 6 van 2002:

- Geregistreerde diere word met merke gemerk wat deur die betrokke Telersgenootskap toegeken is.
- Die Telersgenootskap sal die merkmetode voorskryf (brandmerk of tatoeëring).
- Registrasiesertifikate wat deur die Telersgenootskap uitgereik is moet



geregistreerde diere vergesel wat op openbare veilinge verkoop word.

- Tatoeëmerke: moet nie groter as 20 mm op die breedste en hoogste deel wees nie.
- Brandmerk: moet tussen 40 en 100 mm by die breedste en hoogste punt wees.
- 'n Identifikasiemerke kan bestaan uit een tot drie letters of simbole(karakters).
- 'n Drielettermerke kan op vier verskillende maniere gebruik word.
- 'n Tweelettermerke kan op twee verskillende maniere gebruik word.
- Die letters mag nie aan mekaar raak nie.
- Dieselfde merke kan op beeste en kleinvee gebruik word
- Tatoeëring: In die linker of regter oor.
- Brandmerk: Op enige duidelike sigbare deel, die nek uitgesluit.

Nuusbrief / Newsletter

Senepol Club
PO Box 29808
Danhof
9310

Phone: 082 306 24569
Fax: 051 403 3015
E-mail: hattingh@premier.fs.gov.za



On a lighter note:

A city man was tooling down a country road when his car sputtered to a complete stop near a field filled with cows. The driver, getting out to see what was the matter, noticed one of the cows looking at him. "I believe it's your radiator," said the cow. The man nearly jumped right out of his city slicker britches! He ran to the nearest farmhouse and knocked on the door. "A cow just gave me advice about my car!" he shouted, waving his arms frantically back toward the field. The farmer nonchalantly leaned out beyond the doorframe to glance down the field. "The cow with two big black spots on it?" the farmer asked slowly. "Yes! Yes! That's the one!" the excited man replied. "Oh. Well, that's Ethel," the farmer said, turning back to the man. "Don't pay any attention to her. She doesn't know a thing about cars."

Let daarop dat die webadres verander het. Die nuwe webadres is <http://www.senepolsa.co.za>

Breeders can advertise animals and/or auctions in this newsletter. Please contact Boetie Hattingh at hattingh@premier.fs.gov.za or 082 306 2469. We aim to publish a newsletter every three months

Om oor na te dink:

Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het (Heb 10:23).

Hoe om te brandmerk

Stap 1

Gebruik 'n aparte yster vir elke letter van die merk. Dit is makliker, maar nie verpligtend nie.



Stap 2

Kry alles gereed voordat jy begin merk. Maak seker dat die volgorde van die geregistreerde merk reg is volgens die registrasiesertifikaat. Dit kan eers op 'n stukkie hout getoets word.

Stap 3

Kry iemand om jou te help. Die helper moet die dier nader bring en styf vashou. Dit sal makliker wees as daar meer as een helper is.

Stap 4

Maak die yster goed warm. Wanneer die yster wit word, is dit 'n teken dat dit warm genoeg is. Jy kan die yster op 'n stukkie hout toets om te



sien of dit warm genoeg is.

Stap 5

Maak die dier onbeweeglik met 'n immobiliseerder of kniehalter hulle sodat hul jou nie skop nie. Die immobilisasie van die willekeurige spiere weerhou die dier om te beweeg.

Stap 6

Neem die eerste yster en hou dit 3 tellings lank teen die dier se vel. Moet nie druk nie. Tel

stadig 1,2,3. Verwyder die yster. Neem die tweede yster en doen ook dieselfde met die derde. Die merk is nou voltooi. Maak elke yster na gebruik skoon met 'n staalborsel om van die gebrande vel en hare ontslae te raak.

Stap 7

Gebruik die ysapparaat om die wond te verkoel of spuit kouewater op die dier se vel om dit af te koel.

Jy kan ook wondolie op die wond giet of spuit. Moet dit nie met 'n lap afvee nie. en moet nooit mis aan die wond smeer nie.

